# Oupa Farouk se tuin

Illustrasies: Sam van Riet
Outeur: Matthew Kalil (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

**Kwartaal 3** – Groot Boek 5



**Afrikaans**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Oupa Farouk het 'n tuin in die stad. Amir gaan kuier elke week om sy oupa in die tuin te help. Hy is mal oor die bome en plante in die tuin.



Oupa en Amir eet graag vrugte uit die tuin. Eendag eet Oupa nie sy peer nie. Daar is 'n klomp merkies waar goggas die peer geëet het.



T3_5 Grandpa Farouk's Garden_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:31



“My tuin gaan dood,” sê Oupa. “As jy mooi kyk, sal jy sien die goggas eet die plante. Ons het lieweheersbesies nodig om die goggas te eet.”



T3_5 Grandpa Farouk's Garden_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:31



Amir versamel tien lieweheersbesies en sit hulle in 'n fles. Hy wys vir Oupa. "Wonderlik!" sê Oupa en glimlag breed.



T3_5 Grandpa Farouk's Garden_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:31



Oupa maak die fles oop en die lieweheersbesies vlieg uit. Hulle begin die goggas eet.



T3_5 Grandpa Farouk's Garden_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:31



Oupa was baie bly. Die lieweheersbesies het al die goggas opgeëet en sy tuin het gegroei en gegroei en gegroei.



T3_5 Grandpa Farouk's Garden_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:31

Gauteng Education Development Trust

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

ZENEX FOUNDATION

Wordworks Changing lives through literacy

book dash

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Grandpa Farouk's garden*, gepubliseer deur Book Dash (www.bookdash.org).

This Big Book is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/)

CC BY NC SA